KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 21 JUNIE 2016 OM 11:15 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh E Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdl Me S Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh A De Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr J Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr J Engelbrecht | - | Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) |
| Mnr M Crous | - | Direkteur Finansiële Dienste (waarnemend) |
| Mnr H Vermeulen | - | Stadsbeplanner – Wes |
| Mnr K Abrahams | - | Stadsbeplanner - Oos |
| Mnr N Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me C Cloete | - | Klerk: Komiteedienste |

AKSIE

**BKN001/06/2016**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadsheer De Vries open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

***

**BKN002/06/2016**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Direkteur Finansiële Dienste – mSCOA –opleiding
Direkteur Tegniese Dienste – siekverlof
Interne Ouditeur – ander munisipale verpligtinge
Bestuurder: Strategiese Dienste – MFMA - opleiding

***

**BKN003/06/2016**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot enige item op die agenda, het nie.

***

**BKN004/06/2016**
**BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: DINSDAG 31 MEI 2016**
**3/3/2/2**

**Besluit:**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 31 Mei 2016 bekragtig word.

***C CLOETE: KOMITEE DIENSTE***

***

**BKN005/06/2016**
**VERKLARINGS/MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende verklarings/mededelings:

**A. PORTERVILLE PRODUKTEROETE**

Die Voorsitter bedank die Munisipale Bestuurder wat namens Bergrivier Munisipaliteit die Porterville Produkteroete – aangeleentheid bygewoon het.

Die Munisipale Bestuurder maak melding dat die Bergrivier Toeriste Organisasie die aangeleentheid georganiseer het en dat baie positiewe terugvoer, veral van buitelandse toeriste ontvang/meegedeel is.

**B. SKENKING VANAF DIE PREMIER**

Die Voorsitter meld dat die Premier van die Wes-Kaap, Me Helen Zille op Maandag 20 Junie 2016 'n besoek afgelê het in Bergrivier. Hy meld verder dat sy beïndruk is met die Wittewater-projek en dat sy 'n verdere R3, miljoen aan die Goedverwacht-projek geskenk het.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN006/06/2016**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: TERUGVOER RAKENDE DIE WERKSTOER NA BELGIË VIR DIE AANSOEK OM FEDERALE REGERING FONDSE: 21 – 29 MEI 2016**
**3/3/1/5**
***(‘n Verslag word ter tafel gelê – Aanhangsel A)***

Die Munisipale Bestuurder gee ‘n breë opsomming met betrekking tot die item onder bespreking. Verder lig sy die verslag toe aan die komitee en meld dat die doel van die konferensie was om aansoek te doen vir fondse vanaf die Belgiese Federale Regering.

In die afwesigheid van die Direkteur Tegniese Dienste bedank sy die Raad vir die geleentheid dat hul die werkstoer kon meemaak en dat hul Bergrivier Munisipaliteit kon verteenwoordig in die buiteland.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN007/06/2016**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN008/06/2016**
**FIRST URGENT MATTER FROM THE MUNICIPAL MANAGER: SUBMISSION OF TOP LEVEL SERVICE DELIVERY BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) FOR 2016/17 FINANCIAL YEAR**
**9/1/2**
***(Report tabled at the meeting and electronically distributed – Annexure B)***

The Municipal Manager gave a summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Executive Mayoral Committee and Council note the final Top Level SDBIP for the 2016/17 financial year.

***

**BKN009/06/2016**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: RAMPBESTUUR JAAR-VERSLAG**
**9/1/2**
***(Verslag elektronies versprei – Aanhangsel C)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in onder bespreking.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME AAN DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die Rampbestuur Jaarverslag: 2015/16.

***

**BKN010/06/2016**
**THIRD URGENT MATTER FROM THE MUNICIPAL MANAGER: SUBMISSION OF CLIENT SERVICES SURVEY**
**9/1/2**
***(Report electronically distributed – Annexure D)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in onder bespreking.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

i. That the following areas will receive dedicated attention during the 2016/17 financial years as areas for improvement: (Note: An average of 20 % and higher of a cumulative percentage of dissatisfied and very dissatisfied have been used as the norm for areas of dedicated attention):

**a. *Electricity*:**
- 19.10 % of respondents are dissatisfied and very dissatisfied cumulatively with the electricity services.

***b. Roads:***
- 29.57 % of respondents are dissatisfied and very dissatisfied cumulatively with the service delivery of roads.

**c. Parks and Gardens**
- 21.61 % of respondents are dissatisfied and very dissatisfied cumulatively with parks and gardens.

**d. Housing Applications:**
- 29,70 % of respondents are dissatisfied and very dissatisfied cumulatively with the housing applications. This will decrease with bigger grants and/or increase of current infrastructure capacity which is not within the immediate control of the municipality.

**e. Fire and Emergency Services:**
- 26,30 % of respondents were dissatisfied and very dissatisfied cumulatively with fire and emergency services and the measurement was the response time to emergency cases.

**f. Town Planning:**
- 19,10 % of respondents were dissatisfied and very dissatisfied cumulatively with town planning;

**g. Ward Councillors:**
- 31% of respondents were dissatisfied and very dissatisfied with the effectiveness and functioning of ward councilors. With the election of new ward councilors and ward committees, training is already planned on roles, responsibilities and a year programme.

ii. That the above areas will receive dedicated attention during the strategic sessions of all Directorates and that it will be incorporated into the respective reports; and

iii. The EMC and Council consider the attached final report with the stated recommendations.

***

**BKN011/06/2016**
**HERROEPING VAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT VERORDENING INSAKE HUISWINKELS (PK 7329 VAN 14 NOV. 2014)**
**9/1/2**

Raadsheer Raats gee agtergrond met betrekking tot die item en lees die aanbeveling aan die komitee voor.

**AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR RAAD**

Dat Bergrivier Munisipaliteit Verordening Insake Huiswinkels (PK 7329 van 14 November 2014) **herroep** word, by wyse van afkondiging in die Provinsiale Koerant.

***

**BKN012/06/2016**
**APPEAL IN TERMS OF SECTION 62 OF THE LOCAL GOVERNMENT MUNICIPAL SYSTEMS ACT, 2000 (ACT 32 OF 2000): AGAINST MAYORAL COMMITTEE DECISION BKN020/06/2015 OF 17 JUNE 2015 (APPLICATION FOR DEPARTURE: ERF 1223, VELDDRIF) V1223**
**15/3/8, 13/1**

**BESLUIT:**

Dat die item onttrek word aan Burgemeesterskomitee Agenda vir bespreking / oorweging by die Raadsvergadering.

***

**BKN013/06/2016**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERF 551, VELDDRIF, V551**
**7/2/3/1**

Raadsheer Raats gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR RAAD**

Dat Erf 551, Velddrif nie vervreem word nie, omrede die eiendom in die toekoms benodig word vir die verskaffing van munisipale dienste.

***

**BKN014/06/2016**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM (RESIDENSIëLE-, BESIGHEIDS- & NYWERHEIDSERWE) E 161, PTV 2624, PB 3717, PB 3729 en FARM NO. 241/R VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM (RESIDENSIëLE-, BESIGHEIDS- & NYWERHEIDSERWE) E 161, PTV 2624, PB 3717, PB 3729 en FARM NO. 241/R**
**7/2/3/1**

Raadsheer Raats lees die aanbeveling aan die Burgermeesterskomitee voor.

**AANBEVELING: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die volgende erwe nie vir minimum vlak van dienslewering benodig word nie en dat dit per tender aan die publiek beskikbaar gestel kan word:

| ERF NO. & DORP | STRAAT | GROOTTE | SONERING | VOORGESTELDE INSET PRYS (MUNISIPALE WAARDASIE) |
|---|---|---|---|---|
| Erf 161, Eendekuil | Cheddarstraat | 350m² | Residensiele Sone 1 | R 10 000 |
| Erf 2624, Porterville | DJ Pearce Laan | 427m² | Residensiele Sone 1 | R 25 000 |
| Erf 3397, Piketberg | h/v Petunia en Watsoniastraat | 379m² | Besigheid | R 60 000 |
| Erf 4403, Piketberg | Watsoniastraat | 723m² | Besigheid | R 114 460 (bepaal aan die hand van Erf 3397 se R/m² prys) |
| Erf 3717, Piketberg | 17 Vervoersingel | 2766m² | Algemene Nywerheid | R 150 000 |
| Erf 3729, Piketberg | 24 Vervoersingel | 3929m² | Algemene Nywerheid | R 150 000 |
| Nog nie beskikbaar | h/v N7 en R44 | ± 4,5 ha | Algemene Nywerheid | R 2,5 miljoen |

2. Dat die erwe se munisipale waardasies, of die prys bereken in hierdie verslag aan die hand van ander soortgelyke erwe se munisipale waardasies, as insetprys gebruik word; en

3. Dat oordrag van alle persele plaasvind binne 10 maande na toekenning van die tenders. Indien oordrag nie binne 10 maande plaasvind nie, verval die toekenning en sal die suksesvolle tenderaar geen verdere aanspraak op die eiendom kan maak nie.

***

**BKN015/06/2016**
**ALIENATION OF ROAD RESERVED (UNBUILT PORTION OF FRANK STREET (PORTERVILLE)**
**15/3/8**

Alderman Raats read the recommendation to the members of the Mayoral Committee.

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

1. That the subject portion of Frank Street, Porterville can be closed as public street (street reserve);

2. That the portion of Frank Street referred to at 5.1 be alienated to Mr. Manzoni at R 50.25 (VAT included), after 14 days advertising of Council's intention and subject to no objections being received; and

3. That Mr. Manzoni will be responsible for the surveying of the relevant portion of Frank Street, the cost of consolidating it with Portion B of Erf 2976 Porterville (Surveyor-General as well as Deed Office fees) as well as the cost of having the required servitudes surveyed and registered.

***

**BKN016/06/2016**
**AANSOEK OM VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM: GEDEELTE VAN ERF 1658 PORTERVILLE**
**7/2/3/1**

Raadsheer Raats gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking en lees die aanbeveling aan die komitee voor.

**AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR RAAD**

Die gedeelte van Restant Erf 1658, Porterville ongeveer 94m² groot, word tans gebruik vir die voorsiening van elektriese dienste. Die eiendom word dus benut vir die lewering van basiese dienste deur Bergrivier Munisipaliteit, soos bepaal in Artikel 14 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (56 van 2003) en kan gevolglik nie vervreem word nie.

***

**BKN017/06/2016**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM GEDEELTE VAN ERF 1002 PORTERVILLE (MEENTGROND)**
**7/2/3/1, 7/2/3/2**

Raadsheer Raats lei die item in en gee kortliks agtegrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR RAAD**

Dat die gedeelte van Porterville Meentgrond (Erf 1002), soos uitgewys deur die Rastafari gemeenskap nie voorsien kan word van munisipale infrastruktuur (dienste) en verwydering van bome ensovoorts en om hierdie rede nie vervreem kan word nie.

***

**BKN018/06/2016**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: APRIL 2016**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter gee kortliks agtergrond en meld dat bekommernis bestaan met betrekking tot die oorspandering van personeelkostes in verskeie kostesentrums binne die Direktoraat Korporatiewe Dienste.

Die Munisipale Bestuurder stel voor dat die oorspandering van personeelkoste by die volgende Direksie vergadering bespreek word en 'n verslag aan die Burgemeesterskomitee voorgelê word.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Mayoral Committee and Council note the Monthly Budget Statement and supporting documentation for April 2016.

***

**BKN019/06/2016**
**<u>VOORSIENING IN DIE VRAAG NA NYWERHEIDSGROND</u>**
**9/1/2**

Raadsheer Raats gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Dat die Burgemeesterskomitee kennis neem dat dit die Departement: Beplanning en Ontwikkeling se voorneme is om Nywerheidsgrond in Piketberg ooreenkomstig die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk te hersoneer en onderverdeel ten einde voorsiening te maak vir die vraag na nywerheidspersele.

***

**BKN020/06/2016**
**<u>KONTRAKBESTUURSBELEID EN SOP</u>**
**12/2/2/21**

Raadsheer Raats lei die item in en die Ingenieur: Projekte – Mnr J Engelbrecht meld dat die volgende toevoegings in die beleid en SOP aangebring word.

**<u>BESLUIT:</u>**

1. Dat 6.1.1.5 in die beleid as "Construction Industry Development Board Act (Act 38 of 2000) ingevoeg word;
2. Dat 6.1.1.5 in die beleid punt 6.1.1.6 word;
3. Dat "Construction Industry Development Board Act" bygevoeg word by paragraaf 1 van die SOP; en
4. Dat die wysigings aangebring word in die Kontrakbestuursbeleid en SOP vir implementering op Vrydag 01 Julie 2016.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN021/06/2016**
**<u>PERSONEEL BELEIDE</u>**
**12/2//2/21**

Dat die item oorstaan.

***

**BKN022/06/2016**
**APPLICATION FOR AMENDMENT OF THE BERGRIVIER MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK BY EXPANDING THE VELDDRIF/LAAIPLEK URBAN EDGE AND REZONING OF A PORTION OF PORTION 1 OF THE FARM VLAMINKE VLEI NO. 54, DIVISION MALMESBURY FROM AGRICULTURAL ZONE 1 TO SUBDIVISIONAL AREA. FARM 54/1, M**
**15/3/3**

Dat die item oorstaan.

***

**BKN023/06/2016**
**SWAARVOERTUIE IN LANG STRAAT**
**17/10/2**

**BESLUIT:**

1. Dat die Raad 'n 10 ton gewigsbeperking op die gebruik van Langstraat tussen die N7 en Kloofstraat plaas en dat afleweringsvoertuie van sodanige beperking vrygestel word; en

2. **Dat 10t waarskuwingstekens by die volgende aansluitings geplaas word:**

   H.v Langtraat en die R399 aansluiting;
   H.v Langstraat en die N7 aansluiting;
   H.v Hoof- en Buitenkantstraat;
   H.v Hoof- en Hoof straat Drierigtingstopteken ;
   H.v Hoof- en Kerkstraat;
   H.v Hoof-en Loopstraat;
   H.v Voortrekkerstraat en die R366;
   H.v Voortrekker- en Kloofstraat (uitgesluit Kloofstraat); en
   H.v Lang-en Kloofstraat (uitgesluit Kloofstraat).

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN024/06/2016**
**AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULD**

Die Portefeulje Voorsitter gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**BESLUIT:**

Dat die bedrag van R 1 437 291.80 plus enige verdere renteheffing op die lys van rekeninge afgeskryf word.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN025/06/2016**
**<u>AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULD: EILA TRUST</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter gee kortliks opsomming van die item onder bespreking.

**<u>BESLUIT:</u>**

1. Dat die bedrag van R 77 979.83 aanvaar word op die totale rekening uitstaande op Woensdag 31 Augustus 2016; en
2. Dat 'n uitklaringsertifikaat uitgereik word en alle ander fondse afgeskryf word.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN026/06/2016**
**<u>NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN027/06/2016**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN028/06/2016**
**<u>IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Geen

***

**BKN029/06/2016**
**<u>IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS</u>**

Geen

***

**BKN030/06/2016**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

***

**BKN031/06/2016**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:50*

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

| | |
|---|---|
| ***VOORSITTER*** <br> ***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** | ***DATUM*** |

***